

HOOFSTUK 7

DIFFERENSIASIE EN BEROEPSOPLEIDING VIR SWAKSIENDES IN DIE R.S.A. EN ENKELE OORSESE LANDE

7.1 INLEIDING

Differensiasie in diverse vorms is 'n aangeleentheid wat nog al die jare in 'n meerdere of mindere mate op alle vlakke van die onderwys onderskei kan word. Dat daar in die R.S.A. vir swaksiendes in afsonderlike skole onderwys aangebied word, is reeds 'n basiese vorm van differensiasie in die onderwysorganisasie.

In hierdie hoofstuk sal daar egter gelet word in welke mate differensiasie, wat op die beginsel van individuele aanleg, vermoëns, belangstelling en beroepspotensiaal van die swaksiende berus, in die onderwys van die leerlinge toegepas word. Die pogings wat daar in die R.S.A. aangewend word en toekomstige beplanning vir gedifferensieerde onderwys en beroepsopleiding vir hierdie kategorie van die buitengewone onderwys, sal nader toegelig en ge-evalueer word.

Daar sal in die besonder gelet word op probleme in verband met gedifferensieerde onderwys vir swaksiendes in die R.S.A., soos onder meer die geografiese en demografiese faktore, die werkstempo van swaksiendes, die taalagterstand van die swaksiende, individuele verskille in oogkondisies, die beperkte moontlikhede vir nasikoolse tersiêre opleiding en die relatiewe ontoeganklikheid vir swaksiendes van die beroepsrigtings waartoe hierdie akademiese opleiding lei.

Ten einde moontlike positiewe lesse uit die onderwyspraktike van ander Westerse lande te leer, sal die oorsese pogings tot gedifferensieerde onderwys en beroepsopleiding vir swaksiendes toegelig word.

Die algemene bevindings en gevolgtrekkings in verband met differensiasie sal krities ge-evalueer word.

7.2 DIFFERENSIASIE IN DIE ONDERWYS VAN SWAKSIENDES IN DIE R.S.A.

7.2.1 Algemeen

In hoofstuk 4 is daarop gewys dat die akademiese studierigting soos wat dit tans aan die sekondêre afdelings van die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria en die Skool vir Blindes te Worcester aangebied word, in ooreenstemming is met die voorgeskrewe kurrikula en sillabusse van die Departement van Nasionale Opvoeding.

As daar op die besware gelet word wat vanuit die skole teen die inhoudelike van die onderwys van swaksiendes geopper word, dan word die gevolgtrekking noodwendig gemaak dat daar op hierdie vlak van die onderwys vir swaksiendes nie doeltreffende voorsiening vir differensiasie is nie. Veral die leerlinge wat verstandelik nie kan presteer nie, het nie voldoende geleentheid om op ander terreine hul plek vol te staan nie.¹

In die 1969/1970 Jaarverslag van die Prinshofskool word dit gestel dat die skool in 'n groter mate sal moet differensieer. Die basiese grondlyne is reeds duidelik, maar deeglike beplanning sal eers moet geskied alvorens ingrypende aanbevelings gemaak word.²

Die "basiese grondlyne" waarna in die genoemde verslag verwys word, kan in diverse konkrete pogings wat deur die skole aangewend word, om differensiasie te bewerkstellig, onderskei word.

7.2.2 Differensiasie op akademiese vlak

7.2.2.1 Eliminasie

Aan sowel die Prinshofskool vir Swaksiendes as die Skool vir Doves te Worcester is dit tydens hierdie ondersoek bevind

-
1. Peach, P.P. Huidige tendense in die onderwys van die gesigsgestremde. Derde Konferensie oor die Onderwys van Blindes en Swaksiendes, 1969, p.64.
 2. Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys. Prinshofskool. Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1969 tot 30 Junie 1970, p.8.

dat daar amptelik geen vorm van gedifferensieerde kurrikula of sillabusse bestaan het nie,³ maar dat die praktyk dit noodsaaklik maak, om met inagneming van die swaksiende kinders se vermoëns in spesifieke vakke, sekere aanpassings en konsessies in sillabusse te maak.

As gevolg van die feit dat die swaksiendes en die blindes aan die Skool vir Blindes te Worcester op sekondêre vlak in dieselfde klas onderrig ontvang en dieselfde sillabusse volg, geld sekere konsessies wat vir die blindes gemaak word ook vir die swaksiendes. As voorbeeld kan genoem word dat daar vir die vak Aardrykskunde 'n sekere mate van eliminasië van gedeeltes van die sillabus geskied, veral met betrekking tot die fisiese gedeelte van die leerplan.⁴ Die onderwyser is dikwels genoodsaak om uit die verskillende handboeke 'n gewysigde sillabus vir die blindes saam te stel wat dan ook deur die swaksiende leerlinge gevolg word.

Dit is bevind dat sekere vakke vir sowel die swaksiende as die blinde leerlinge besondere probleme oplewer. Hierdie vakke is onder meer Rekene, Natuurwetenskap, Fisiologie (in besonder die Biochemiese gedeelte van die sillabus) en Geskiedenis.

Onderwysers aan skole vir swaksiendes met wie daar onderhoude gevoer is, is dit eens dat sekere gedeeltes van die genoemde vakke besonder moeilik deur die swaksiende bemeester kan word as gevolg van sy gesigsgestremdheid. In Tikskrif word dit byvoorbeeld ondervind dat die tik van lang kolomme besondere probleme oplewer vir die leerling met 'n groot inkrimping van die gesigsveld, omdat hy die lang kolomme nie in perspektief kan sien nie. Dit is egter nie altyd moontlik, soos in hierdie besondere geval, dat eliminasië van gedeeltes van die sillabus toegepas kan word sonder dat die standaard van die onderwys verlaag word nie.

In die Fisiologie-sillabus is daar gedeeltes oor Biochemie, soos die koolstofketting, wiskundige en rekenkundige

3. Kyk Bylae A, vraag 2.24.

4. Kyk Bylae A, vraag 2.26.

berekenings wat vir die swaksiende leerling feitlik onoorbrugbare probleme oplewer. Dit is nodig dat die vakonderwyser in die praktyk sekere leerstof moet elimineer.

Met die instelling van die nuwe sillabus in Fisiologie was dit ook vir die vakonderwysers nodig om 'n samestelling uit verskillende handboeke vir die swaksiende te doen, omdat daar op daardie stadium nie 'n handboek vir die nuwe sillabus beskikbaar was nie.

Met die oorskakeling na die nuwe Rekenkunde, het onderwysers 'n besondere probleem met die baie beskrywende gedeeltes ondervind. Sodra daar so baie woorde tussen die syferwaardes voorkom, dan is die swaksiende kind weg van die vier basiese bewerkings van optel, aftrek, vermenigvuldig en deel en word die Rekenkunde vir hom abstrak. Die lees van die lang beskrywende probleme wat in die nuwe Rekenkunde voorkom, lewer vir die swaksiende leerling met sy stadige leestempo probleme op. Amptelik volg die skole die voorgeskrewe sillabusse, maar in die praktyk moet daar deur die skole vir swaksiendes aanpassings gemaak word wat op die beginsel van die individuele vermoëns en gestremdheid van die leerlinge berus. Die probleem word dus vir die swaksiende in die praktyk deur die skole gedeeltelik oorbrug deur differensiasie toe te pas in aanbieding, wat op eliminerings en soms op 'n mate van verskraling van die sillabusse berus.

Eliminasie is nie nodig omdat die swaksiende leerlinge minder intelligent sou wees nie, maar omdat die voorgeskrewe sillabusse in hulle huidige vorm, wat lengte betref, besondere probleme inhou as die tempo waarteen die swaksiende kind kan lees en werk, in aanmerking geneem word.

Die vak Geskiedenis, wat as 'n verpligte vak tot standerd 8 voorgeskryf is, kan as voorbeeld genoem word van een van die sillabusse wat weens die lengte en baie leeswerk nie besonder geskik is vir die swaksiende nie. Dit sou meer verkieslik wees om 'n alternatiewe vak soos Handwerk in die plek daarvan aan te bied.

Vir die minder intelligente leerling sou dit egter nodig wees om in plaas van nie-amptelike eliminering en verskraling

van die sillabusse of alternatiewe vakke, 'n vak op 'n laer niveau⁵ aan te bied. Met dié beginsel van ongelyke vermoëns in gedagte kan daar dan gedifferensieer word deur 'n vak op twee of meer vlakke aan te bied, byvoorbeeld 'n gevorderde vlak, 'n standaardvlak en 'n funksionele vlak. 'n Leerling kan dan nog steeds 'n vak kies volgens sy belangstelling, maar hy neem dit op 'n vlak ooreenkomstig sy vermoëns.

'n Leerling sou nie alle vakke op dieselfde vlak hoef te neem nie, maar deur middel van kruisgroepering kan hy dié vakke waarin hy 'n besondere aanleg toon, op die gevorderde vlak (wat 'n groter teoretiese inslag het) neem en die vakke waarin die swaksiende swakker presteer kan hy op 'n standaard- of selfs 'n funksionele vlak neem.

In die geval van so 'n praktyk sal die aangeleentheid van gedifferensieerde universiteitstoelating⁶ ook ter sprake kom vir die swaksiende leerlinge wat moontlik 'n tersiêre opleiding in vooruitsig stel. Vir hierdie doel sal hy 'n aantal vakke op die gevorderde vlak en die res op die standaardvlak moet slaag soos wat deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vir die gewone skool bepaal mag word en met inagneming van die vereistes wat deur die fakultete aan universiteite gestel word.

In 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys waar daar van kruisgroepering soos hierbo genoem, gebruik gemaak word, word daar weggedoen met die pedagogies onverdedigbare praktyk van 'n baanstelsel waar 'n leerling vir al sy vakke in 'n baan ingedeel word en in die geval van die B- of gewone baan nie toegang tot die tersiêre onderwys het nie, of selfs as 'n tweederangse burger beskou word.⁷

7.2.2.2 Differensiasie deur middel van groepering⁸ en aanbieding⁹

Soos in hoofstuk 4, waar die aangeleentheid van groepering

5. Vgl. Hoofstuk 8, par. 8.5.3(vi).

6. Vgl. hoofstuk 8, par. 8.6.2(v).

7. Venter, H.C.A. 'n Vergelykende studie van die sekondêre onderwysvernuwing in enkele Westerse lande en die R.S.A. in die na-oorlogse jare, pp.302-303.

8. Kyk Bylae A, vraag 2.38.

9. Kyk Bylae A, vraag 2.39.

in die onderwys van swaksiendes behandel is, geblyk het, kon daar by die totstandkoming van die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria, geen differensiasie deur middel van groepering beoog word nie. Geen opvoedkundige norm, soos verskille in verstandelike vermoëns, skolastiese prestasie en so meer, kon weens organisatoriese probleme enige oorweging geniet nie.

Met die oog op gedifferensieerde aanbieding het dit egter noodsaaklik geword dat klasgroepe op grond van begaafdheid en prestasie ingedeel sou word.

In standerd 6 waar daar 3 klasse aan die Prinshofskool is, is daar 'n groot verskil tussen die A- en C-groep wat betref vermoëns en prestasie. By die aanbieding word daar dus pogings aangewend om op grond van hierdie vermoënsverskille te differensieer. Met die minder begaafde groep sal die sillabus sover moontlik gedek word, maar daar sal nie in die diepte met die moeiliker gedeeltes ingegaan word nie.

Gedifferensieerde groepering op grond van prestasievermoëns, eliminasië en verskraling van die sillabusse, hang ook nou saam met tempo-differensiasie.¹⁰ Veral met die swakker groepe moet die tempo waarteen die leerlinge werk deeglik in ag geneem word. Daar word van die standpunt uitgegaan dat dit opvoedkundig meer verantwoordbaar is en skolasties vir die leerlinge van groter waarde is as hulle driekwart van die sillabus deeglik behandel, eerder as die hele sillabus op 'n halfslagtige wyse.

Op amptelike vlak word tempo-differensiasie in die sekondêre skool by die aflegging van formele eksamens toegepas.¹¹ Swaksiende leerlinge wat die matriekeksamen van die Departement van Nasionale Opvoeding aflê, ontvang 15 minute ekstra tyd vir elke uur wat die vraestel duur. Swaksiende leerlinge kry dus 3 uur en 45 minute tyd om 'n vraestel van 3 uur te beantwoord. In die geval van Natuurwetenskap en Engels Hoër Graad ontvang die kandidate 'n halfuur langer tyd vir elke uur wat die vraestel duur.

10. Kyk Bylae A, vraag 2.41.

11. Kyk hoofstuk 4, paragraaf 4.5.1.

Tempo-differensiasie word ook in die voorbereidende klas aan die Prinshofskool toegepas. Die voorskoolse swak=siende kind bly in hierdie klas totdat hy gereed is vir die formele onderwys. In die reël duur die voorbereidende perio=de een jaar, maar as die kind se ontwikkelingstempo stadig is kan dit langer duur voordat hy gereed is vir die formele onder=wys.

Wanneer leerlinge vir die eerste maal tot die skool vir swaksiendes toegelaat word, in die reël vanaf die gewone skool, en hulle gegroeper moet word met die oog op gedifferensieerde onderwys, word daar wat die norm van skolastiese prestasie be=tref hoofsaaklik van die skoolrapport van die skool waarvandaan hy kom, gebruik gemaak. Wat sy verstandelike vermoëns betref, word die bestaande I.K.-syfer (indien beskikbaar) in aanmerking geneem tot tyd en wyl die skool self toetse kan afneem en diagnostiseringstegnieke kan toepas, indien dit nodig blyk te wees.

In die praktyk word dit dikwels bevind dat die skool=rapport van die gewone skool vanwaar die swaksiende leerling kom 'n baie onbetroubare beeld met betrekking tot die skolas=tiese prestasie kan weerspieël. Die rapport is nie altyd vry van subjektiwiteit nie, omdat bejammering deur onderwysers vir die swaksiende in 'n klas van normaalsiendes nie altyd uitbly nie. Die punte word soms ook hoofsaaklik op mondelinge werk gebaseer vanweë die leerling se taalagterstand en sy stadige lees- en skryftempo.

Die skole vir swaksiendes pas mettertyd hulle eie objek=tiewe skolastiese evaluering toe met die oog op groepering van die leerlinge.

Dit is aan beide die Prinshofskool vir Swaksiendes en die Skool vir Blindes te Worcester bevind dat intelligensie 'n belangrike faktor is wat in aanmerking geneem word met die oog op gedifferensieerde onderwys, terwyl aanleg en belangstelling 'n ondergeskikte rol in dié verband speel. Gesigsbelemmering, dit wil sê die aard en graad van gesigsgebrek binne die katego=rie swaksiendheid, geniet geen oorweging by groepering met die oog op differensiasie nie, behalwe dat daar wel onderskei word

tussen blindheid en swaksiendheid.¹²

'n Leerling sal nie in 'n "hoër" klas geplaas word omdat hy 'n beter gesigskerpte het nie. In die praktyk kan die situasie andersom wees. Binne dieselfde klas sal daar wel spesiale aandag aan die leerling met 'n lae gesigskerpte gegee word. Benewens die individuele aandag wat hy ontvang sal daar seker gemaak word dat hy van spesiale onderwys hulpmiddels soos donker geliniëerde papier, 'n dik pen, grootdrukboeke, handlense, lessenaarlamp en so meer, voorsien word.

In verband met die I.K. as 'n norm by groepering van swaksiende leerlinge met die oog op gedifferensieerde aanbieding, is die mening al in lekekringe gehoor dat swaksiende leerlinge as 'n groep aan die skool vir swaksiendes 'n laer I.K.-syfer vertoon as die normaalsiende leerlinge aan 'n gewone skool, omdat, so word daar beweer, die verstandelik swakker beedeelde swaksiende kind skolasties gouer aan die gewone skool uitval as die intelligente swaksiende.

Laasgenoemde stelling is nie geheel onwaar nie. In sekere oogkondisies waar daar 'n meer geleidelike degenerasie van die gesig is, sál die intelligente kind langer aan die gewone skool die mas kan opkom. Dat swaksiendheid ook die samestelling van die hele persoonstruktuur beïnvloed, is reeds opgewys. As die I.K.-verspreiding van die leerlinge aan die Prinshofskool in 1970 onder oë geneem word, dan blyk dit dat die verspreiding volgens Intelligensiekwasiënt van die kinders wat tussen 95 en 114¹³ gelê het, nie veel van die middelste snit van die normale klokvormgrafiek vir intelligensiever-spreiding van die gewone skoolbevolking in geheel, afwyk nie.

Soms is daar die aanduiding dat 'n baie duidelike groepverdeling met die oog op differensiasie moontlik is, maar in die praktyk sou dit klasse van 6 of minder leerlinge meebring, wat organisatories nie moontlik is nie. In sulke gevalle word daar dan oorgegaan tot interklasgroepering.

12. Kyk Bylae A, vraag 2.34.

13. Prinshofskool. Memorandum insake differensiasie in die onderwys van swaksiendes, Bylae I, p.2.

Hierdie groepe, wat redelik homogeen is, ontvang dan onderrig deur middel van die projekmetode op grond van hulle vermoëns, prestasie en werkstempo.

Intelligensie neem so 'n prominente plek as kriterium vir differensiasie in omdat die onderwys vir swaksiendes aan beide die Prinshofskool vir Swaksiendes en die Skool vir Blindes, Worcester hoofsaaklik op die algemeen akademiese lees geskoei is.

Al sou leerlinge in besondere beroepsgeoriënteerde studierigtings belangstelling toon of 'n besondere aanleg aan die dag lê, byvoorbeeld in 'n elektrotegniese rigting, kan daar aan hierdie aanleg en belangstelling as grondbeginsels van gedifferensieerde onderwys weinig oorweging geskenk word vanweë die beperkte gespesialiseerde opleidingsfasiliteite wat bestaan. Van 'n volwaardige ontplooiing van die leerlinge se aanleg, belangstellings en vermoëns, in besonder in beroepsgeoriënteerde studierigtings, is daar nog nie sprake nie. In die primêre skool bestaan daar selfs nie keusevakke nie, omdat die onderwys op hierdie vlak nog hoofsaaklik van 'n algemeen vormende aard is.

7.2.2.3 Gedifferensieerde eksaminering, bevordering en sertifikaatuitreiking

Aangesien die praktyke van eksaminering, bevordering en sertifikaatuitreiking in Suid-Afrikaanse skole vir swaksiendes breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek is,¹⁴ sal dit nie weer hier herhaal word nie.

Daar kan met die stelling volstaan word dat dit uit die plaaslike ondersoek geblyk het dat daar wel op die terrein van eksaminering, bevordering en sertifikaatuitreiking sekere beginsels van differensiasie toegepas word, al sou dit dan beperk wees en hoogstens as konsessies vir die swaksiende per sé beskou kan word.

Benewens wat daar reeds in hoofstuk 4 in die verband gesê is, verdien die volgende enkele feite wat uit die ondersoek

14. Vgl. par. 4.5.1.

na vore gekom het, wel vermelding:

- a. In verband met die toegewing ten aansien van addisionele tyd wat aan leerlinge in die matriekëksamen gemaak word, het enkele betekenisvolle feite in die praktyk aan die lig gekom. Leerlinge benut nie hierdie addisionele tyd ten volle nie. Swaksiende leerlinge gebruik beswaarlik die basiese tyd wat vir 'n vraestel toegestaan word. Dit word nie noodwendig aan 'n gebrek aan kennis toegeskryf nie, maar veel eerder daaraan dat die swaksiende leerling gewoon is om opsommenderwys te studeer en dat hy die feite in die eksamen ook weer in dié vorm reproduseer.
- b. In die praktyk is dit opvallend dat die swaksiende leerling in die sekondêre afdeling selde 'n poging aanwend om 'n antwoordstel weer deur te lees. Die verklaring is waarskynlik dat die leerling ná beantwoording van die vraestel só vermoeid is dat hy nie sy antwoord weer kan deurlees nie, omdat dit ook 'n besondere inspanning van hom verg.
- c. Aan die Afdeling vir Swaksiendes aan die Skool vir Blindes te Worcester, was dit gedurende hierdie ondersoek beklemtoon dat¹⁵ daar sover moontlik pogings aangewend word om te voorkom dat 'n leerling druipe in die jaar waarin hy vir die eerste maal tot die skool toegelaat word. Die oorpasing vanaf die gewone skool na 'n vreemde skool, in die reël ver van sy ouerhuis, is vir die kind reeds 'n emosionele skok wat grootliks vererger word as hy nog in sy eerste jaar aan die skool moet druipe. Daar bestaan dus wel die moontlikheid dat 'n leerling in hierdie jaar bevorder kan word, ten spyte van die druippunte wat hy in die eksamens vir die jaar behaal het. In hierdie geval word daar veral gelet op die persoonsbeeld van die kind, in besonder sy intelligensie, asook op die aard en prognose van sy oogkondisie.
- d. In die sekondêre afdeling aan die Skool vir Blindes te Worcester word die geleenthede tot gedifferensieerde onderwys, hetsy op watter gebied, meer problematies. Hier bestaan gedwonge integrasie van die swaksiendes in die skool

15. Kyk Bylae A, vraag 2.42.

vir blindes. Hierdie twee kategorieë van gesigsgestremdes maak van verskillende studiemedia (taktuele en visuele) in die onderwys gebruik, maar word saam in dieselfde klas-kamer, deur dieselfde onderwyser onderrig. Hulle lê dieselfde toetse en eksamens af, word volgens dieselfde norme bevorder en ontvang dieselfde sertifikate. Daar bestaan dus nie gedifferensieerde eksaminering, bevordering of sertifikatuuruitreiking op grond van die graad van gesigsgestremdheid tussen die twee kategorieë nie.

Hierdie integrasie van die swaksiendes in die skool vir blindes en die gevolglike gesamentlike onderwys is een van die groot struikelblokke wat in die weg van volwaardige gedifferensieerde onderwys vir swaksiendes staan.

- e. Dit is by wetgewing vasgelê dat die skole wat onder die Departement van Nasionale Opvoeding ressorteer, geen diploma of sertifikaat mag uitreik om aan te dui dat iemand 'n eksamen of kursus afgelê het nie.¹⁶ Die gesertifiseerde verklaring wat deur die skole vir swaksiendes uitgereik word in die geval van leerlinge wat standerd 6-peil bereik het, of spesifieke vakke geslaag het, of volgens die oordeel van die skool hulle opleiding voltooi het,¹⁷ kan bloot as 'n rapport beskou word, en is nog nie 'n vorm van amptelike gedifferensieerde sertifikatuuruitreiking nie.

7.2.3 Differensiasie deur middel van hulpklasse

Differensiasie vir die verstandelik vertraagde swaksiende leerlinge, meervoudiggestremdes, spastiese en breinbeskadigde swaksiende kinders, bestaan daarin dat hierdie kinders aan die Prinshofskool vir Swaksiendes en die Skool vir Blindes te Worcester saamgegroeper word in hulpklasse.

Die onderwysprogram van hierdie leerlinge bestaan hoofsaaklik uit konstruktief-praktiese werk met basiese Engels, Afrikaans en Rekenkundige verwerkinge binne hulle bevatlikheidsvermoë.

16. R.S.A. Die Wet op Onderwysdienste, Wet no. 41 van 1967, Art. 13(7)(a).

17. Kyk hoofstuk 4, par. 4.5.1.

Die praktiese program bestaan hoofsaaklik uit die vleg van handsakke, skinkbordmakery en elementêre Huishoudkunde vir die meisies met die oog op hulpverpleging in ouetehuisse en verpleeginrigtings. Die seuns neem nie hout- en metaalwerk nie, omdat die hantering van masjinerie vir hulle 'n gevaar inhou. Enkele van die leerlinge is wel in staat om telefonie-opleiding te ontvang, maar nie vir indiensneming in die Staatsdiens nie, waar 'n standerd 7-sertifikaat vereis word.

Aan die Prinshofskool vir Swaksiendes wissel die ouderdomme van hierdie leerlinge tussen 9 en 18 jaar en skolasties bereik hulle hoogstens standerd 4-peil. Hulle verteenwoordig egter 'n besondere klein persentasie van die skool se leerlinge, te wete 4,4%, of 10 leerlinge uit 'n totaal van 227 swaksiende leerlinge in 1972.¹⁸

Aan die Skool vir Blindes te Worcester is daar drie hulpklasse vir blindes en swaksiendes gesamentlik. In hierdie drie hulpklasse was daar in totaal 20 swaksiende en blinde leerlinge in 1971.¹⁹

Met die uitsondering van enkele geïsoleerde gevalle wat in die ope arbeid 'n betrekking vind soos byvoorbeeld in 'n drukkery, word hierdie leerlinge in die reël in beskutte werkplase opgeneem.

7.2.4 Gedifferensieerde vak- en beroepsopleiding

In die sekondêre akademiese afdelings van beide die Prinshofskool vir Swaksiendes en die Skool vir Blindes te Worcester is die enigste vakke wat as beroepsgerig beskou kan word die volgende:

Handel, vanaf standerd 7 en 8

Handelsreg, vanaf standerd 9 en

Tikskrif, vanaf standerd 4.

-
18. Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys.
Prinshofskool, Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1971
tot 30 Junie 1972, p.5.
19. Kyk Bylae A, vraag 1.8.

Gedifferensieerde beroepsopleiding vir swaksiendes is dus aan beide die genoemde skole besonder beperk op sekondêre vlak.

Aan die Skool vir Blindes te Worcester staan die beroepsafdeling aan die skool bekend as die VAKAFDELING. In 'n poging om gedifferensieerde onderwys, meer in besonder beroepsgerigte onderwys, aan te bied, word hier voorsiening gemaak vir die leerlinge wat in 'n praktiese rigting belang stel. In die praktyk word die vakafdeling aan die skool egter gevul met die leerlinge wat akademies-skolasties uitval. Die beroepsrigtings wat hier aangebied word is die volgende:

Vir Seuns	Telefonie (Teorie en praktyk)
	Klavierstem en -reparasies
	Hout- en Rottangwerk (Gekombineerd)
	Matrasmakery
Vir Meisies	Telefonie
	Weef- en Breiwerk.

Die leerlinge word op verskillende stadia van skolastiese vordering na hierdie rigtings gekanaliseer. Vir Klavierstem en Telefonie word standerd 8 vereis, terwyl daar in die ander vakrigtings geen standerdvereiste is nie. Sodra 'n leerling skolasties nie verder kan vorder nie, is die skool genoodsaak om hom in hierdie vakafdeling op te neem. Die duur van die opleiding hang van die leerling se bekwaamheid af. In die reël word die opleiding oor 'n tydperk van twee jaar voltooi.

Behalwe in Telefonie en Klavierstem, lê die leerlinge nie geskrewe eksamens af nie. Die opleiding is van 'n algemene praktiese aard met die doel om later hoofsaaklik operateurswerk in beskutte werkwinkels te verrig, aangesien hierdie leerlinge in die praktyk verstandelik nie in staat is om tot die ope arbeidsmark toe te tree nie.

Die logiese afleiding is dat hierdie gedifferensieerde vakopleiding net vir die verstandelik minder begaafde leerlinge funksioneer. Hulle word geheel-en-al van die akademiese program van die skool onttrek en sal in die reël, benewens die praktiese opleiding, hoogstens braille- of tikklasse bywoon om

'n skryf- en leesmedium te kan hê.

Die kursusse in Telefonie, Klavierstem, Matraswerk, Rottangwerk en Brei- en weefwerk is deur die Skool vir Blindes opgestel en uitgebou. Eksaminering in hierdie kursusse geskied intern deur die skool self. Die skool reik dan 'n interne "sertifikaat" uit wat in der waarheid slegs 'n gesertifiseerde verklaring is. Ofskoon die inspekteur van buitengewone onderwys van die Departement van Nasionale Opvoeding hierdie "sertifikaat" saam met die skoolhoof mede-onderteken, geniet die dokument geen amptelike status nie omdat dit 'n blote interne reëling is. Alle amptelike sertifikate word deur die Departement van Nasionale Opvoeding uitgereik.²⁰

In die sekondêre afdeling van die Skool vir Blindes te Worcester word nog 'n enkele addisionele beroepskursus aangebied, wat as 'n sekretariële kursus bekend staan. Die kursus word vir leerlinge aangebied wat reeds standerd 10 geslaag het. Die inhoud van hierdie kursus is hoofsaaklik verdere verdieping in Handel, Handelsreg en Tikskrif.

Hoë standaarde word gehandhaaf sodat hierdie leerlinge besonder goed vir die ope arbeidsmark toegerus is. In die reël word die kursus deur die meisies gevolg en die opleiding bied aan hulle ook die nodige skoling in bandtikwerk, kantoorroetine en liasseerwerk.

Aan die Prinshofskool vir Swaksiendes geskied differensiasie met die oog op vak- en beroepsopleiding volgens 'n interne reëling van die skool, aangesien daar nog geen amptelike, goedgekeurde beroepsopleiding vir swaksiendes aan dié skool bestaan nie.²¹

Wanneer 'n leerling skolasties nie meer vorder nie, omdat hy op akademiese vlak sy maksimum bereik het, word een van die volgende stappe geneem:

- a. Die leerling word van die akademiese program onttrek en in 'n voorberoepsafdeling geplaas, ook genoem 'n "tegniese

21. Kyk Bylae A, vraag 2.19(c).

afdeling". Hierdie onttrekking aan die akademiese program kan op enige stadium, selfs so vroeg as na standerd 4, geskied, maar in die reël gebeur dit na standerd 6 of 7. By wyse van eksperimentering, ook deur probeer-en-tref, maar toegespits op die aanleg en belangstelling van die leerling, soos deur die voorligtingsafdeling van die skool voorgestel, probeer die skool bepaal in welke rigting hierdie leerling die beste tereg sal kom. Die leerling word in een of twee van die volgende rigtings gekanaliseer:

Houtbewerking

Metaalbewerking

Kuns

Tekene

Pottebakkery.

In die reël word van die bogenoemde studiekursusse gekombineer.

- b. 'n Alternatiewe reëling is dat 'n leerling nie heeltemal van die akademiese program onttrek word nie, maar dat hy toegelaat word om met 'n paar basiese vakke aan te gaan, te wete, die twee amptelike tale en 'n wiskundige of rekenkundige rigting. As die leerling reeds standerd 6 geslaag het en 16 jaar oud is en dit blyk dat 'n volwaardige standerd 7-program bo sy vermoë is, dan word hy toegelaat om slegs Afrikaans en Engels as vormende vakke te neem en Algemene Rekenkunde waarin hy basiese verwerkinge moet doen, wat later in sy beroep toepaslik mag wees.

Deur middel van 'n aanlegtoets en belangstellingstoets word daar gepoog om te bepaal in welke soort betrekking hy waarskynlik geplaas sal word. In die handwerkafdeling word hy in aanraking gebring met die basiese beginsels van dié tipe werk wat hy in 'n beroep sal verrig.

Ofskoon die skool tans nie oor die gespesialiseerde masjinerie beskik om so 'n leerling volwaardige opleiding in byvoorbeeld plaatmetaalwerk aan te bied nie, kan die fundamentele bewerkinge aan hom tuisgebring word, dit wil sê die nodige beroepsoriëntering kan gedoen word.

Dit is selde nodig dat 'n leerling geheel en al van die akademiese program soos in die eersgenoemde geval beskryf, onttrek hoef te word. Leerlinge word wel dikwels aangeraai om, nadat hulle 16 jaar oud geword het en slegs standerd sewe geslaag het, vir ses maande van die volgende jaar na die skool terug te kom om met die beroepsoriënteringsprogram voort te gaan.

Wanneer die leerlinge die basiese werksoriëntering ontvang soos Houtwerk of Metaalwerk wat die grondslag sal vorm van die beroep wat hy waarskynlik sal beoefen, word die oogkondisie van die leerling deeglik in ag geneem. In die geval van makulêre degenerasie sal so 'n leerling nie metaalwerk as studierigting kan neem nie, want 'n sweisvlam sal sy oë verder beskadig. 'n Hoëgraadse mioop wat op 'n naby-afstand moet werk sal ook nie kan sweis nie. By gedifferensieerde vakopleiding is die oogkondisie van die leerling dus 'n faktor wat steeds in gedagte gehou moet word. In gevalle soos hierbo genoem sal daar byvoorbeeld gepoog word om hierdie twee leerlinge as masjienoperateurs op te lei en nie as vakmanne nie.

7.2.5 Bepanning vir gedifferensieerde tegniese onderwys

'n Groep swaksiende leerlinge wat tans besondere aandag aan die Prinshofskool vir Swaksiendes ontvang, is die wat wel in die gewone skoolprogram sou kon voortgaan met die akademiese vakke wat aangebied word, maar wat tog op 'n vroeë stadium reeds besondere aanleg in 'n tegniese rigting toon.

Vir hierdie leerlinge moet daar vir gedifferensieerde onderwys op hierdie vlak voorsiening gemaak word.

Met bogenoemde doel voor oë is daar op 25 Februarie 1971 deur die beheerliggaam van die Prinshofskool 'n memorandum aan die Departement van Nasionale Opvoeding voorgelê waarin 'n breedvoerige uiteensetting gegee word van 'n aksieprogram om gedifferensieerde onderwys aan swaksiendes te Prinshofskool te implementeer deur middel van tegniese voorvakopleiding vir seuns. Hierdie voorlegging aan die Departement van Nasionale

Opvoeding word as volg gemotiveer:²²

- a. In 1970 is daar 'n psigologiese ondersoek aan die skool uitgevoer rakende belangstelling, intelligensie en aanleg van standerd 6, 7 en 8-leerlinge. Daar is tot die gevolg=trekking gekom dat die intelligensieverspreiding aan die skool tussen I.K. 95 en I.K. 114 gelê het. Ten spyte van hierdie "normale" intelligensieverspreiding het die leerlinge op akademiese vlak onderpresteer. As primêre rede vir hierdie verskynsel word aangegee dat die kinders se gesigsgestremdheid hulle lees- en leersnelheid bepaal en die feit dat die leerlinge taal as 'n lees- en studie=medium nie ten volle kan benut nie.
- b. Met betrekking tot die belangstelling van die leerlinge is die afleiding gemaak dat die verdeling in drie hoof=rigtings was, te wete 'n akademiese, 'n handels- en 'n tegniese rigting. Die frekwensies was as volg:²³

<u>BELANGSTELLINGS=</u> <u>RIGTING</u>	<u>AANTAL LEERLINGE IN STS. 6, 7 EN 8</u>		
	<u>Eerste</u> <u>keuse</u>	<u>Tweede</u> <u>keuse</u>	<u>Derde</u> <u>keuse</u>
Akadies	19	15	19
Handel	11	21	20
Tegnies	15	16	21

Volgens hierdie gegewens lei die beheerliggaam af dat daar regverdiging sou wees vir differensiasie in ten minste drie duidelike studierigtings aan die skool.

- c. Met betrekking tot die aanleg van die leerlinge, word dit in die memorandum beweer, was daar 'n goed gebalanseerde verspreiding oor die bostaande drie basiese studierigtings.
- d. 'n Verdere regverdiging vir die instelling van gedifferensieerde tegniese onderwys word gevind as daar 'n ontleding gemaak word van die beroepe waarin die meeste seuns sedert die totstandkoming van die skool, geplaas is. Van die seuns wat die skool op standerd 6- tot standerd 8-peil

22. Peach, P.P. Prinshofskool vir Swaksiendes. Differensiasie in die Onderwys van Swaksiendes, Bylae I.

23. Ibid., p.2.

verlaat het, het die meeste dan 'n tegniese beroep gaan volg. Indien volwaardige gedifferensieerde tegniese kursusse aan die skool bestaan het, sou van hierdie leerlinge met hulle opleiding aan die skool voortgegaan het, en sou hulle beter toegerus gewees het vir hierdie beroepe. Die tegniese beroepe waarin die seuns geplaas was, word aangegee as sweiser, motorwerktuigkundige, vormgieter, kabinetmonteerder, hersteller van huishoudelike toerusting, boekbinder, passer en draaier en haarkapper. In die memorandum word beweer²⁴ dat 'n verdere ses seuns, wat in ander beroepe geplaas is, sonder twyfel in tegniese rigtings geplaas moes gewees het, indien die opleidingsprogram dit toegelaat het, dit wil sê as die skool oor die nodige opleidingsfasiliteite beskik het.

- e. In die memorandum wat aan die Departement van Nasionale Opvoeding voorgelê is, word daar aanbeveel dat daar die volgende vakrigtings in die gedifferensieerde tegniese onderwysprogram wat deur die skool gevisualiseer word, behoort te wees:²⁵

i. Houtbewerking

'n Kombinasie uit die voorgeskrewe ambagsrigtings vir skrynwerk, timmerwerk, timmer- en skrynwerk, winkeluitrusting (houtwerk) en houtmasjienwerk, word voorgestel.

ii. Metaalbewerking

'n Kombinasie uit die voorgeskrewe ambagsrigtings vir draaiwerk, sweiswerk en grofsmidwerk.

iii. Huistoestelwerktuigkunde

Hierdie sal basies 'n elektrisiteits- en werktuigkundige kursus wees. Dit is die skool se oortuiging dat die swak-siende leerling wel in hierdie ambagsrigtings opleiding kan ontvang en suksesvol tot die ope arbeid sal kan toetree, nadat hulle die voorgestelde opleidingsprogramme deurloop het. Nadat die kursusse vir 'n tydperk aangebied is, sal die praktyk leer in welke mate daarop uitgebrei of ingekort behoort te word.

24. Ibid., p.3.

25. Loc.cit.

f. Met betrekking tot die inhoudelike van die sillabusse word dit in vooruitsig gestel dat volledige sillabusse in samewerking met die departementele vakinspekteurs opgestel kan word waarin daar die nodige aanpassings gemaak kan word met inagneming van die gesigskondisies van die leerlinge.

Vir die leerlinge wat die tegniese kursusse wil volg kan in breë trekke van die Nasionale Tegniese Kursusse van die Departement van Nasionale Opvoeding gebruik gemaak word. As 'n leidraad word die Nasionale Standaard 6-sertifikaat (Tegnies) as volg aangedui:²⁶

Groep I Afrikaans A of Engels A

Groep II Afrikaans A of B of Engels A of B, mits dit nie die taal is wat onder groep I gekies is nie.

Groep III Minstens twee van die volgende vakke:
Wiskunde, Natuur- en Skeikunde, Tekene, Werkwinkelpraktyk en Werkwinkelteorie van een van die volgende:

Houtbewerking

Metaalbewerking

Huistoestelwerktuigkunde.

Die Nasionale kursusse vir standaard 7, 8, 9 en 10 sal op 'n soortgelyke wyse in ooreenstemming met die Handboek vir Tegniese Kursusse aangebied word.

g. Die indiensplasingfaktor word sterk op die voorgrond gestel in die skool se motivering vir gedifferensieerde tegniese onderwys. Dit ly geen twyfel nie dat die swaksiende leerling wat vir hierdie kursus gekeur word, beter opgelei en beter geplaas sal word as wat tans die geval is.²⁷

Die huidige beroepsgeoriënteerde opleiding is beperk tot die skoolhandwerk wat nie volwaardige tegniese opleiding is nie en wat tot gevolg het dat swaksiende leerlinge in tegniese rigtings uitgeplaas word sonder dat hulle die basiese begrippe bemeester het. Met deegliker opleiding behoort leerlinge wat vir hierdie studierigting gekeur is 'n beter

26. Ibid., p.4.

27. Loc.cit.

kans op sukses in die beroepsektor te hê.

- h. In die genoemde memorandum word daar 'n versoek tot die Departement van Nasionale Opvoeding gerig²⁸ dat die nodige kapitale uitgawe bewillig word vir die oprigting van 'n gebouekompleks vir die tegniese afdeling; dat poste vir ambagsonderwysers volgens die personeelvoorsieningskale vanaf 1972/73 goedgekeur word; dat departementele sertifikate met die nodige endossement aan suksesvolle kandidate uitgereik word by voltooiing van die kursusse en dat die huidige gekeurde aantal leerlinge aan die skool wat nie verder op akademiese vlak kan vorder nie, so spoedig moontlik met die opleiding kan begin onder die leiding van die onderwyser vir Handwerk.²⁹

Met die oog op die voorgestelde uitbreiding op die gebied van gedifferensieerde tegniese onderwys aan die Prinshofskool vir Swaksiendes, word nuwe werkwinkels met volwaardige tegniese opleidingsfasiliteite in vooruitsig gestel. Hierdie opleiding sal nie noodwendig matrikulasievrystelling of vak- en ambagsvrystelling bied nie. Die swaksiendes sal nog moeilik as ambagslui aanvaar word as gevolg van sy gesigsprobleem.

Daar word wel in die memorandum (par. 7) voorgestel dat daar vasgestel moet word of daar as gevolg van die beplande kursus aan die skool, afslag op die vakleerlingtermyn toegestaan sal kan word as die swaksiende hom ná skoolverlating as ambagsman wil kwalifiseer.

Omdat daar egter beperkende reëls en regulasies deur die vakunies gestel word met betrekking tot die gesigskerpte wat 'n kind moet hê, val die kinders aan die Prinshofskool vir Swaksiendes buite die kriterium wat gestel word vir 'n ambagsman. Waar die tegniese opleiding wat vir hierdie swaksiende leerlinge gevisualiseer word hoofsaaklik op operateursvlak toegespits sal wees, behoort hierdie leerlinge in die beroepsektor voldoende tot hulle reg te kom, in besonder ook wat die ekonomiese sy betref. Materieel behoort hulle beter as 'n ambagsman daaraan toe te wees.

28. Loc.cit.

29. Ibid., p.5.

Tot op die stadium wat die versoek aan die Departement van Nasionale Opvoeding gerig is, by wyse van die genoemde memorandum om gedifferensieerde tegniese onderwys aan die Prinshofskool in te stel, was daar nog geen sprake van beroepsopleiding aan die skool nie.

Die skool het wel op eie inisiatief in die verlede enkele vorme van hout- en metaalbewerking aangebied en 'n redelike oordekkende sillabus vir die doel opgestel wat by die kinders se behoeftes aanpas om hulle 'n basiese skoling te gee om in verskillende werksrigtings geplaas te word.

In antwoord op die memorandum van 25 Februarie 1971³⁰ en verdere versoeke van die Beheerliggaam van die Prinshofskool vir Swaksiendes, word die instelling van 'n tegniese afdeling vir voorvakopleiding by die Prinshofskool goedgekeur. Die bedrag van R100,000-00 wat 'n 90 persent subsidie verteenwoordig word bewillig vir die oprigting van 'n gebouekompleks en die verskaffing van addisionele uitrustings.

'n Sillabus vir die vak Bedryfstegniek vanaf standerd 6 tot standerd 10 is reeds goedgekeur. Vir die huidige ontvang die leerlinge onderrig in tydelike geboue by die skool deur twee ambagsonderwysers wat vir die doel aangestel is.

Daar word nog beplan vir die oprigting van permanente geboue terwyl die vak Bedryfstegniek in sy huidige vorm nog baie elementêr is en nie as 'n volwaardige tegniese beroepskursus beskou kan word nie.

Op 9 November 1972 het die Beheerliggaam van die Prinshofskool vir Swaksiendes ook 'n memorandum aan die Departement van Nasionale Opvoeding voorgelê met die oog op die daarstelling van fasiliteite vir die opleiding van meisies in meer

30. Departement van Nasionale Opvoeding. Korrespondensie aan die Beheerliggaam van die Prinshofskool vir Swaksiendes, gedateer: 7 September 1971
3 Desember 1971
2 Maart 1972
20 April 1972
30 April 1972
4 Julie 1972

praktiese studierigtings. Dit geld veral vir meisies in die I.K.-groep 75-85 wat nie voldoende voordeel trek uit die gewone onderrig aan die skool nie. Omdat hierdie meisies nie in die akademiese baan kan vorder nie, verlaat hulle die skool sonder enige beroepsgerigte opleiding.

Op 10 Januarie 1973 antwoord die Departement van Nasionale Opvoeding dat bogenoemde versoek goedgekeur is en dat gelyktydig met die oprigting van die geboue van die tegniese afdeling vir seuns, fasiliteite vir die praktiese opleiding van meisies voorsien sal word bestaande uit 'n groot praktikumlokaal, 'n teorie-lokaal en wasgeriewe. Daar word nog beplan vir moontlike sillabusse in hierdie afdeling.

Benewens die beplande beroepsgerigte tegniese kursus vir seuns en die funksionele kursus vir minder intelligente meisies soos hierbo uiteengesit, beplan die skool ook om in die toekoms in twee ander studierigtings te differensieer, te wete:

1. 'n Akademiese opleiding, met of sonder matrikulasievrystelling.
2. 'n Handelskursus wat baie breed gesien moet word, met opleiding in Handel, Ekonomie, Tik, Oudio-tik, Telefonie en Kantooradministrasie. Dit word beoog om aan die leerlinge in hierdie afdeling 'n breë algemene agtergrond en ervaring te gee met betrekking tot enige klerklike rigting. Die studierigting moet in besonder vir meisies deure tot die arbeidsveld open.

7.2.6 Toekomspektief met betrekking tot aanbieding in Hout- en Metaalbewerking

In verband met Hout- en Metaalbewerking, wat tradisioneel as die vak Handwerk bekend staan, sal sowel die inhoudelike as die aanbieding aan 'n skool vir swaksiendes anders wees as aan die gewone skool. Benewens die feit dat daar gedifferensieer word ten aansien van die leerling se belangstellings en vermoëns, is dit nodig dat, as gevolg van die visuele probleme van die kinders en die daarmee gepaardgaande koördinasie en motoriese probleme, sekere aanpassings in die aanbieding van

die vak gemaak word en sekere hulpmiddels in die bewerkings= prosesse van metaal en hout bygebring word. Een van hier= die hulpmiddels staan in tegniese terme as 'n setmaat (Eng. Jig) bekend. Dit is 'n vaste vorm of patroon waarom byvoor= beeld 'n metaalplaat gebuig word of gevorm word sonder dat enige noemenswaardige handvaardigheid in gedrang kom.

Ofskoon die leerlinge 'n visuele beperking het, kan hulle as masjienoperateurs opgelei word om volwaardige werk in 'n tegniese rigting te lewer.

In die toekomstige beplanning van tegniese opleiding vir seuns volgens die memorandum van Februarie 1971, sal die huidige vak Handwerk van 'n uitgebreide en omvattende aard word. Dit word gevisualiseer dat die kursus ook tekenwerk, die lees van planne, interpretasie van werkopdragte in 'n geskrewe vorm en werkstekeninge sal insluit.

Daar sal ook gedifferensieer word met betrekking tot opleiding in die masjienoperateursrigting en die vervaardiging van artikels uit hout of metaal of 'n kombinasie hiervan, veral met die oog op plasing van leerlinge by firmas wat kombuismeublement vervaardig.

'n Verdere oogmerk met die opleiding sal wees om leerlinge wat nie in houtbewerking belang stel nie, op te lei as draaibankoperateurs om byvoorbeeld skroefdrade te sny. Die swaksiende kan op 'n mikrometer lees net soos die siende. Tans is die masjiene waarop die skool beskik nog in miniatuurvorm, ofskoon die werking daarvan nie verskil van die volskaal masjiene wat as uitrusting in 'n volwaardige tegniese werkswinkel aangetref word nie.

'n Belangrike aspek van die nuwe beplanning betreffende gedifferensieerde tegniese onderwys na aanleiding van die memorandum is dat die opleiding nie slegs vir leerlinge wat akademies uitval in vooruitsig gestel word nie, maar om ook die normaalbegaafde leerlinge wat aanleg in 'n tegniese rigting het te betrek, en hulle die geleentheid te bied om tot volle ontplooiing in dié rigting te kom.

Tans ontvang alle seuns vanaf standerd 5 tot standerd 8 Handwerk aan die Prinshofskool. Standerd 5 word as 'n verkenningsjaar beskou waarin die leerling die basiese bewerkingsmetodes met die verskillende handgereedskappe aanleer vir sowel metaal- as houtwerk.

In standerd 6 volg die praktiese toepassing wanneer die seun 'n eenvoudige model konstrueer om sodaende die verskillende bewerkingsmetodes en gebruik van handgereedskappe wat hy in standerd 6 geleer het in die maak van die model toe te pas.

Wanneer die nuwe werkwinkels van die skool voltooi is en die nuwe sillabusse vir die tegniese vakke breedvoerig opgestel is, sal die leerlinge in die eerste ses maande metaalbewerking en in die tweede semester houtbewerking doen, of andersom. Na die standerd 6-jaar sal dit dan duidelik wees in watter afdeling die leerling hom onderskei en kan hy dan meer gespesialiseer in een van die rigtings voortgaan. Die hulp van die skoolsielkundige diens word steeds in hierdie "kanaliseringsproses" in vooruitsig gestel.

Nadat die leerling hom dan self in standerd 6 uitgewys het, sal sy verdere opleiding in standerd 7 van 'n meer gespesialiseerde aard wees, soos die bou van betonnengers en so meer.

Met die nuwe metodes van boukonstruksie, die sogenaamde montasie-metode, word 'n nuwe reeks beroepe vir die swaksiende seun in vooruitsig gestel. Die vervaardiging van kombuisameublement, staalkabinette vir liassering, kantooragebuis, deurkosyne, deure en so meer, val almal binne die vermoë van die swaksiende leerling wat akademies uitval en 'n moontlike aanleg in 'n tegniese rigting op 'n laer niveau openbaar.

Masjinerie is deesdae so ontwerp dat dit, nadat dit eenmaal ingestel is, verskillende onderdele van die eindproduk met presiese reëlmaat en enersheid vervaardig. So byvoorbeeld sal 'n plaat net op 'n sekere manier in die masjien inpas, nadat dit volgens spesifieke afmetings gesny is om dan op 'n spesifieke manier gebuig of uitgepers te word. Die tappe in 'n stuk hout word almal presies eners ingesny. Die monterings van hierdie voorafvervaardigde onderdele val heeltemal

binne die swaksiende seun, wat verstandelik minder goed be= deeld is, se vermoë.

Die voorgestelde beroepsrigting van huistoestelwerktuig= kundige bied groot moontlikhede aan die swaksiende seun. Hieronder ressorteer die herstel van die groot verskeidenheid huishoudelike, hoofsaaklik elektries-meganiese apparate wat deel is van elke moderne huishouding. Die kennis van elek= trisiteit en werktuigkunde wat nodig is vir die herstel van hierdie apparate is van 'n relatiewe elementêre aard. Die swaksiende kan 'n selfstandige beroep op hierdie vlak beoefen deur óf as werknemer by 'n firma diens te aanvaar óf sy eie besigheid te bedryf. In 'n werkswinkel op eie perseel kan die apparaat deur die geskoolde swaksiende herstel word. Deur die apparaat te laat haal of by die werkswinkel te ontvang, word mobiliteit van die swaksiende grootliks uitgeskakel.

Verdere beroepe wat deur die tegniese opleidingsprogram binne die swaksiende se bereik gebring kan word, is die monte= ring en afwerking van radio- en televisiekabinette. Hiervoor is nabygesig 'n besondere vereiste. Die winding en montering van die ankers en spoele van elektriese motors en dinamo's en die montering van elektriese komponente in elektriese appa= raat is beroepsmoontlikhede wat met groot sukses deur die swaksiende betree kan word.

Langs hierdie weg kan 'n besondere bydrae deur die swak= siende tot die mannekragtekort van die land gemaak word en kan aan hom 'n beroepsperspektief verskaf word, veral as nyweraars oortuig kan word dat die swaksiende se opleiding so= danig was dat hy vir sy werkgewer 'n ekonomiese bate kan wees in plaas van 'n las en 'n verantwoordelikheid. Om hierdie deurbraak in die beroepsektor te maak waar 'n groot vooroordeel ten aansien van die werkspotensiaal van die swaksiende bestaan, is dit nodig dat die swaksiende doeltreffend op hierdie ar= beidsniveau opgelei sal wees soos wat onder meer die oogmerk met die nuwe voorgestelde tegniese opleiding aan die Prinshof= skool vir Swaksiendes is.

Pogings was reeds in die verlede deur die Prinshofskool aangewend om swaksiende leerlinge aan die Pretoriase Kollege

vir Gevorderde Tegniëse Onderwys in te skryf, maar die eksperiment was nie 'n sukses nie.

Die tempo van die werk en die metodes van onderwysaanbieding aan die Kollege is vir die normaalsiende leerling bedoel. Die onderwyser-instrukteur is nie bekend met die spesifieke probleme van die swaksiende in die onderwysituasie nie. Onderwys hulpmiddels soos die oorhoofse projektor waardeur 'n tekening wat in seksies gefotografeer en vergroot is, geprojekteer word, word nie in die onderwysaanbieding in die gewone tegniëse kollege of tegniëse skool aangewend nie. Gedifferensieerde tegniëse aanbieding wat die besondere gesigsgestremtheid van die leerlinge in aanmerking neem, kan die beste gerealiseer word aan 'n afsonderlike tegniëse afdeling soos wat aan die Prinshofskool in die genoemde memorandum in vooruitsig gestel word.³¹

Die nodige aanpassing met betrekking tot die teoretiese en praktiese gedeeltes van die werk kan ook gedoen word. Daar sal minder klem geplaas word op die teorie, waar baie sketse met fyn akkurate meting in boukonstruksies geskied. Die teoretiese gedeeltes van die praktikum-eksamens verg ook 'n aanpassing vir die swaksiendes.

Die verskillende pogings tot differensiasie vir die onderwys van swaksiendes soos in die voorafgaande paragrafe uiteengesit, word egter nog in die R.S.A. deur verskillende faktore bemoeilik. In die volgende paragraaf sal die probleme wat gedifferensieerde onderwys vir swaksiendes bemoeilik, nader toegelig word.

31. Memorandum. Differensiasie in die Onderwys van Swaksiendes, Bylae 1.

7.3 PROBLEME IN VERBAND MET GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS VIR SWAKSIENDES

7.3.1 Geografiese en demografiese probleme

In die Republiek van Suid-Afrika word afsonderlike onderwys vir blanke swaksiende kinders slegs aan die twee genoemde skole aangebied, te wete, die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria en die Afdeling vir Swaksiendes aan die Skool vir Blindes te Worcester. Hierdie twee skole is ongeveer 1400 kilometer uit mekaar geleë en ontvang leerlinge vanuit die R.S.A., Suidwes-Afrika, Angola en Mosambiek.

In 1971 was daar 215 swaksiende leerlinge³² aan die Prinshofskool en 80 swaksiendes³³ aan die Afdeling vir Swaksiendes te Worcester, terwyl daar in 'n ondersoek van die Departement van Hoër Onderwys (tans Nasionale Opvoeding) in 1970 vasgestel is dat daar moontlik nog 1219³⁴ addisionele swaksiende leerlinge aan gewone skole kan wees.

Dit het sedertdien geblyk dat hierdie getal aansienlik minder is, aangesien die kriteria vir swaksiendheid wat tydens die opname toegepas is, baie vaag was, sodat leerlinge wat van 'n bril gebruik maak soms as 'n swaksiende kind aangedui is.

As daar op die voorkomssyfer van swaksiendheid gelet word, wat op ongeveer ,03 persent³⁵ van die bevolking beraam word, dan vorm hierdie kategorie gestremde kinders 'n baie klein groepie leerlinge wat aan die twee skole in die Noorde-lyke en Suidelike uiterstes van die R.S.A. saamgetrek is. Hierdie leerlinge stel besondere hoë eise aan die onderwys met betrekking tot differensiasie.

32. Prinshofskool. Jaarverslag 1971, pp.7-8.

33. Kyk Bylae A, vraag 1.8.

34. Verslag van die Komitee van Onderzoek na die uitbreiding van onderwysgeriewe vir blanke blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, tabel iv.

35. Mnr. M. Holl, Inspekteur van Buitengewone Onderwys in Nederland gee die syfer 4:10 000 en Lumsden gee in 'n brief aan die Van Schalkwyk-komitee van 1958 die syfer 1:2 000/3 000 aan.

Omdat die getalle van die swaksiende kinders so relatief laag is, kan daar in die praktyk nie verskillende tipes skole oor die land versprei word om onderwysgeriewe eksklusief vir hierdie leerlinge aan te bied nie, dit wil sê daar kan nie soos vir die gewone onderwys in algemeen-akademiese, handels-, tegniese en beroepskole gedifferensieer word nie.

Om swaksiende leerlinge by die gewone skole te integreer met die oog daarop om hulle in die gedifferensieerde onderwysprogram van die gewone skool te betrek, is pedagogies en didakties moeilik verdedigbaar, omdat die gewone skool nie oor die gespesialiseerde onderwysdienste soos onder andere mediese dienste, voorligting, hulpmiddels en so meer, beskik nie.

As gevolg van bogenoemde faktore is dit nodig dat daar aan een skool met 'n relatiewe klein leerlingtal duur onderwysfasiliteite, met die oog op gedifferensieerde onderwys, geskep word.

In die praktyk lewer dit die probleem op dat dit beswaarlik moontlik is om vir die verskillende beroepsrigtings, belangstellings, aanlegte en vermoëns van so 'n klein groep leerlinge voorsiening te maak, veral as daar in terme van tegniese onderwys en beroepsopleiding gedink word. Hierdie besondere tipe onderwys vereis in die reël duur en gespesialiseerde uitrusting en opleidingsfasiliteite wat moeilik vir so 'n klein groepie individue daargestel kan word as in aanmerking geneem word dat die onderwys soos dit tans daaruit sien, op 'n algemeen akademiese lees geskoei 'n bedrag van R1500-00³⁶ per jaar per leerling van die Staat verg.

As gevolg van die lae voorkomssyfer van swaksiendes en die geografiese en demografiese faktore, dit wil sê die bevolkingsverspreiding, is dit selfs in die buiteland tydens hierdie ondersoek bevind, dat differensiasie in die onderwys vir swaksiendes beperk bly tot tempodifferensiasie, individuele onderrig, beperkte studierigtings en beperkte beroepsgerigte

36. Transoranje Instituut 25 jaar oud, p.2.

en beroepsonderwys op 'n laer sekondêre niveau. Vir volwaardige gedifferensieerde beroepsonderwys en hoër algemene akademiese onderwys moet die swaksiende konsekwent gewone tegniese skole, beroepskole en akademiese skole (Gimnasia) bywoon, nadat hy die skool vir swaksiendes tot op 'n sekere stadium deurloop het.

Die geringe getal swaksiende leerlinge in die R.S.A. het ook tot gevolg dat spesiale dienste soos beroepsplasingsdienste wat by 'n gedifferensieerde onderwysprogram ingeskakel behoort te word, nie na wense kan funksioneer nie want 'n beroepsplasingsdiens met die amptenary daaraan verbonde kan beswaarlik op 'n permanente basis uitsluitlik vir die swaksiendes in stand gehou word.

7.3.2 Werkstempo en die taalagterstand van die swaksiendes

In 'n ondersoek wat Pretorius³⁷ met betrekking tot die taalwêreld van die swaksiende uitgevoer het, beweer hy dat die swaksiende se beperkte taalwêreld, taalarmoede, taalagterstand en gebrekkige taalvaardigheid vir hom 'n barrière in plaas van 'n hulpmiddel is.

Hierdie taaltekort van die swaksiende hang ten nouste saam met die tempo waarteen hy kan lees, skryf en leer. Die feit dat die swaksiende stadig en moeisaam lees en studeer, veroorsaak dat die leerlinge by toelating tot die skool vir swaksiendes vanaf die gewone skool, reeds 'n skolastiese agterstand het, omdat hy die tempo nie kon volhou nie. Wanneer daar dan oor tempodifferensiasie vir die swaksiende besin word, duik die probleem op dat die leerling in die reël al reeds ouer is as sy siende eweknie wanneer hy tot die sekondêre afdeling toegelaat word, omdat hy 'n jaar of jare moes herhaal om die skolastiese agterstand in te haal, of omdat hy 'n jaar verloor het met die oorskakeling vanaf die gewone skool, of omdat hy waarskynlik 'n jaar in 'n voorbereidende klas deurgebring het.

As die sillabusse oor 'n langer termyn versprei word om voorsiening te maak vir die stadige werkstempo van die swak-

37. Op.cit., p.236.

siende, byvoorbeeld drie jaar vir standerds 9 en 10, het dit die nadeel dat die kinders dikwels op 19 en 20-jarige ouderdom nog op skool sal wees.

As gevolg van die taalgebrek en stadige werkstempo ondervind die swaksiende besondere probleme met sekere sillabusse soos 'n lang geskiedenisillabus en kolomwerk in Tikskrif wat vir die normaalsiende leerling opgestel is. Om 'n proses van eliminasië van werk toe te pas sou 'n verskraling van die studiekursus meebring en 'n verlaging van die status van die onderwys aan die swaksiendes. Dit sal eerder nodig wees om by differensiasie vir die swaksiende te dink aan gelykwaardige en volwaardige alternatiewe vakke as keusevakke waarin daar nie so 'n omvangryke hoeveelheid leeswerk nodig is nie.

In handwerkvakke sal daar ook oorweging aan geskenk moet word om die oorwig van die sillabus op die praktiese gedeelte te plaas aangesien die teorie dikwels met fyn tekenwerk en boekkonstruksies gepaard gaan wat vir die swaksiende besondere probleme oplewer en tydrowend is.

7.3.3 Indiwiduele verskille met betrekking tot die graad en aard van gesigsgestremdheid

Wanneer daar besin word oor gedifferensieerde onderwys wat voorsiening maak vir die swaksiende se persoonlike aanleg, belangstelling en vermoëns, dan duik daar die besondere probleem op dat daar ook rekening gehou moet word met die diverse fisiese faktore in verband met die verskillende oogkondisies, die wye spektrum van gesigskerptes en anomalieë en die prognose van die oogkondisies.

Dit is eerder die reël as die uitsondering dat hierdie aspek van swaksiendheid beperkinge op die leerling plaas wat weinig plek laat vir sy besondere belangstelling.

Dit het geblyk uit 'n oorsig van die mees algemene oogkondisies, wat verantwoordelik is vir swaksiendheid, dat sekere gedifferensieerde beroepsrigtings by sekere oogtoestande uitgeskakel is, soos die hoëgraadse mioop wat nie met masjinerie op 'n werksbank kan werk nie, of as 'n sweiser geplaas kan word nie, omdat dit vir hom gevaar inhou om sy gesig so naby

aan bewegende voorwerpe of 'n sweisvlam te bring.

Waar gedifferensieerde onderwys reeds 'n beroepstendens aandui, moet daar baie deeglik rekening gehou word met die besondere oogkondisies van die leerlinge en die beperkinge wat dit hulle oplê.

'n Probleem bestaan met betrekking tot groepering van swaksiendes met die oog op gedifferensieerde onderwys. Anders as blindes wat homogene groepe vorm ten aansien van hulle gestremdheid, is elke swaksiende kind 'n gestremdheid op sy eie; dit wil sê hulle is 'n heterogene groep op grond van hulle visus. Daar sal nie op grond van die visus van die leerlinge gedifferensieer kan word nie, maar op grond van die leerlinge se gesigsvermoë. Dit sal dus nodig wees om 'n evaluering van die oogkondisie te maak, asook 'n beroepsanalise te doen.

Basiese groepe kan byvoorbeeld as volg ingedeel word:

1. Refraksiegroepe, soos byvoorbeeld versierendheid en astigmatisme wat opties korrigeerbaar is.
2. Makulêre degenerasiegroep. Hierdie kinders bestaan ook eintlik weer uit twee groepe, te wete dié wat nie sentrale gesig het nie, wat net perifêre gesig het en die ander wat vernoude sentrale gesig het.
3. Fotofobiese groep wat redelike gesig het maar nooit in helder lig saam met ander mag werk nie. Hierdie leerlinge sal as 'n selfstandige groep behandel moet word.
4. Degeneratiewe groep. Hierdie groep leerlinge is dié met 'n swak prognose, byvoorbeeld optiese atrofie en makulêre degenerasie. In hierdie geval bestaan daar die besondere probleem dat die leerlinge heeltemal blind mag word en dan op 'n heeltemal verskillende onderwysmedium, braille, aangewys is.

7.3.4 Probleme in verband met universitêre opleiding

Uit die ondersoek in die R.S.A. het dit geblyk dat weinig swaksiende leerlinge na hulle skoolloopbaan, tot die tersiêre studierigtings toetree, en nog minder bereik 'n beroep waartoe hierdie akademiese studierigtings lei. Dit moet hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat die swaksiende jeugdige nie die

tempo van studie aan die universiteit kan volhou nie, in besonder as gevolg van die baie lees- en naslaanwerk.

Terwyl die swaksiende aan die skool vir swaksiendes was, is daar buitengewone hulpmiddels soos grootdrukboeke en oorhoofse projektors in die aanbieding gebruik, terwyl die tempo van werk grootliks deur die swaksiendes met 'n gemeenskaplike gesigsprobleem, bepaal was. Op universiteit word die tempo deur die dosente bepaal om 'n neergelegde standaard vir normaalsiendes te handhaaf.

Gedurende hierdie ondersoek het die skrywer hiervan die geleentheid gehad om te Worcester persoonlike getuienis van ouers aan te hoor wat 'n swaksiende seun op universiteit het. Uit die bespreking het dit duidelik geword dat dit 'n haas barmenslike taak vir die swaksiende word om daaglik lesings op band af te neem en in aantekeninge te verwerk, benewens die normale naslaanwerk wat van hom vereis word.

Met die oog op gedifferensieerde akademiese studierigtings (Natuurwetenskaplik en Geesteswetenskaplik) moet ook in gedagte gehou word dat die akademiese beroepswêreld grootliks vir die swaksiende ontoeganklik is, byvoorbeeld die beoefening van 'n beroep soos maatskaplike werkster, onderwyser en medikus, waar daar hoë eise aan die persoon se gesigsvermoë gestel word. Sommige van die beroepe verg dat die persoon 'n motor sal moet bestuur, wat vir die swaksiende uitgesluit is.

By die formulering van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys en die aanbieding van gedifferensieerde kurrikula en sillabusse, sou dit nie sinvol en verantwoordbaar wees om die swaksiende in studierigtings te lei wat nie vir hom 'n toekoms bied nie. Ten spyte van die ideaal wat dus gestel word dat alle beroepsrigtings vir die swaksiende toeganklik behoort te wees, leer die praktyk dat daar wel beperkinge vir die swaksiende as gevolg van sy oogkondisie bestaan. Dit vernou ook die veld van differensiasie vir hierdie leerlinge, in besonder die akademiese veld.

Uit die ondersoek het dit duidelik geword dat daar in die jongste jare 'n klemverskuiwing in die onderwys van swak-

siendes plaasgevind het, naamlik vanaf die tradisionele akademiese na die beroepsgerigte en tegniese. Die behoefte aan beroepsgerigte onderwys het vir die swaksiende groter geword as die verwerwing van akademiese kennis.

7.4 DIFFERENSIASIE IN DIE ONDERWYS VAN SWAKSIENDES IN ENKELE OORSESE LANDE

7.4.1 Engeland³⁸

Omdat daar geen koördinerende liggaam vir die onderwys van swaksiendes in Engeland bestaan nie, word daar groot uiteenlopendheid in die pogings tot differensiasie in verskillende skole aangetref wat hoofsaaklik deur die prinsipaal se standpunt ten aansien van hierdie aangeleentheid bepaal word. By wyse van toeligting sal daar kortliks op die situasie in twee prominente Engelse skole vir swaksiendes gelet word.

Die Exhall Grange School te Coventry kan nie as verteenwoordigend van die buitengewone onderwys in Engeland beskou word nie, maar dit is die grootste skool van sy soort en toonaangewend wat differensiasie in die onderwys van gesigsgestremdes betref. Die skool bied ook onderwys aan meervoudig gestremde leerlinge aan.

Differensiasie bestaan hoofsaaklik daarin dat die onderwys wyd en gediversifiseer is. Spesialisasie vind so laat as moontlik plaas.

In die primêre afdeling sluit die kurrikulum die basiese vakke van die gewone primêre skool in en differensiasie vind hoofsaaklik op die vlak van aanbieding plaas. As gevolg van die klein klasse kan daar grootliks van individuele onderwysmetodes gebruik gemaak word. In 'n persoonlike onderhoud beweer die skoolhoof, mnr. Marshall,³⁹ dat hy hom nie gebonde hou aan 'n spesifieke onderwyser-leerlingkwota nie. Dit word volgens die probleme van die kinders bepaal. Dit kan 1:12, maar ook 1:4 of minder wees. Volgens die prinsipaal kan dit gebeur dat daar in een klas van 8 leerlinge op 8 verskillende

38. Kyk Bylae C, vrae 16, 18, 19 en 22.

39. Kyk Bylae C, vraag 9.

niveaus gewerk word, met inagneming van elke kind se intelligensie, aanleg, graad van belemmering en werkstempo.

In die sekondêre afdeling aan die skool vind differensiasie plaas deur middel van stroming of baanverdeling in akademiese, tegniese en handelsrigtings met kruisgroepering. Met inagneming van die verskille ten aansien van vermoëns en aanleg wat daar onderling tussen die leerlinge bestaan, word daar vir differensiasie op die baanstelsel as volg voorsiening gemaak:

1. Daar bestaan 'n remediërende afdeling aan die skool wat hoofsaaklik met die multi-gestremde leerling werk.
2. 'n Afdeling vir leerlinge met gemiddelde intelligensie, wat onderwys ontvang met die oog op verwerwing van die Certificate of Secondary Education.
3. Die derde afdeling aan die skool maak voorsiening vir leerlinge met bo-gemiddelde intelligensie en staan ook bekend as die National Commerce School en National Grammar School.

Differensiasie deur middel van kruisgroepering word bewerkstellig deurdat 'n leerling byvoorbeeld vanuit die C.S.E.-afdeling (Certificate of Secondary Education) 'n vak soos Tikskrif in die "Commerce Department" neem. Wiskunde waarin hy goed presteer, neem hy in die Grammar School Afdeling, Handwerk saam met die C.S.E.-afdeling en Engels mag hy so swak in wees dat hy dit in die Remediërende afdeling neem.

In die praktyk skryf die oorgrote meerderheid van die swaksiende leerlinge aan die skool vir die Certificate of Secondary Education in en verlaat die skool na verwerwing van die C.S.E.-sertifikaat om tot 'n beroep toe te tree.

Dié leerlinge wat hulle byvoorbeeld wil voorberei as bankklerke, boekhouers of staatsamptenare, of wat na 'n kollege of universiteit wil gaan, kan die General Certificate of Education-eksamen op die "Ordinary level" (O-level), "Advanced-level (A-level)" of "Scholarship-level" aflê. Differensiasie geskied dus ook op die gebied van sertifikaatuitreiking deurdat die vlak waarop vakke geslaag is op die sertifikaat aangedui word: Vir universiteitstoelating word 'n sekere aantal

vakke op die "A-level" voorgeskryf.

In teenstelling met die praktyk van differensiasie deur baanverdeling vind daar aan die John Aird School in Londen geen baanverdeling plaas nie.

Die klasse in die skool is deurgaans klein en gedifferensiasie is geskoei op die lees van individuele onderrig waar die leerling se aanleg, vermoëns en werkstempo in aanmerking geneem word. As 'n leerling egter in 'n vak besonder goed presteer, word hy toegelaat om daarmee op die vlak van die volgende standerd aan te gaan, dit wil sê 'n vorm van versnelling of tempodifferensiasie.

Die onderwys aan die skool is deurgaans van 'n algemeen vormende aard, nie beroepsgerig of gespesialiseerd nie. Alle leerlinge neem dieselfde vakke, ofskoon spesiale programme vir individuele leerlinge gereël kan word.

Tydens die ondersoek wat die skrywer aan die skool uitgevoer het, is dit beweer dat aanpassings in die onderwysprogram vir leerlinge aangebring word om by hulle vermoëns en behoeftes aan te pas, byvoorbeeld dat die lesure vir 'n kind met nystagnus wat nie so lank kan konsentreer nie, verkort sal word. Addisionele lesse word vir leerlinge in vakke waarin hulle nie goed presteer nie, aangebied en 'n kind mag selfs 'n alternatiewe vak neem in die plek van die een waarin hy besonder swak presteer.

Na voltooiing van die onderwys aan die skool, of as leerlinge besondere aanleg toon, vind daar differensiasie plaas deurdat hulle die gewone Grammar School of Colleges for Further Education bywoon.

Die beleid van die skool is dat die kind in totaliteit moet gedy, dit wil sê sy inisiatief, deursettingsvermoë, selfstandigheid, verantwoordelikheid, en so meer, moet tot volle ontplooiing kom. Die prinsipaal se sienswyse is dat daar geen vorm van skoolse beroepsonderwys, of vroeë spesialisering vir die swaksiende moet wees nie. Volgens hom kan dit lei tot verwaarlosing van die algemene vorming. Elke vak wat die

leerling neem is veronderstel om beroepsgerig te wees omdat dit die leerling vorm om sy plek in die maatskappy in te neem. Algemene onderwysagtergrond is, volgens die skoolhoof, vir die swaksiende belangriker as beroepskoling.

Ideologies is hierdie standpunt prysenswaardig en kan dit moontlik in 'n land soos Engeland met groot beroepsopleidingsmoontlikhede na skoolverlating en 'n groot aanvraag van werknemers op alle vlakke van indiensneming vir die groot nywerhede, nagestreef word en in die praktyk uitgevoer word. In die R.S.A. egter waar slegs sowat 20 persent van die bevolking tot die hoëvlakmannekrag van die land bydra en daar 'n oorwig aan laagbesoldigde ongeskoolde arbeid is, is dit noodsaaklik dat die swaksiende jeugdige, benewens algemene vorming op skool, ook reeds 'n duidelike basiese beroepskoling deurloop.

7.4.2 Nederland⁴⁰

Differensiasie in die onderwys van swaksiendes vind in Nederland aan die hand van die volgende praktyke plaas:

- i. Daar word daarna gestrewe om individuele onderrig toe te pas met klein klasgroepe wat gemiddeld nie die getal 7 oorskry nie.
- ii. Interklasgroepering word gebaseer op aanleg, prestasie en werkstempo van die leerlinge.
- iii. Differensiasie deur middel van 'n baanverdeling vind aan die einde van die "basisskool" (primêre skool) plaas. In die Middelbare Algemene Voortgesette Onderwys (MAVO) wat op die primêre onderwys volg, word daar eerstens gedifferensieer in 'n tegniese rigting, soms ook individuele tegniese onderwys (I.T.O.) aan 'n tegniese skool. In laasgenoemde geval word daar 'n aparte klas aan 'n tegniese skool geskep vir swaksiende kinders wat verstandelik ook gestremd is. Hier word vir hulle spesiale opleidingsfasiliteite geskep wat daarin bestaan dat hulle deur spesiale onderwysers opgelei word en dat hul opleidingsprogram minder teoretiese, maar wel dieselfde praktiese

40. Kyk Bylae D, vrae 16, 18, 19, 20 en 22.

inhoud as die ander tegniese strome insluit.

In Nederland en België dui die woord "technies" nie noodwendig 'n handwerkriktigting soos in die R.S.A. bekend, aan nie, maar ook 'n besondere afdeling van die handelsbaan soos Tikskrif, Diktafoontik en Telefonie.

Benewens die tegniese baan word daar gedifferensieer in 'n handelsbaan en 'n algemeen-vormende afdeling. In die laasgenoemde geval is daar wel ook die aksent op handvaardigheid en kreatiwiteit deurdat al die leerlinge hande-arbeid neem, maar nie op 'n beroepsniveau nie.

Akademie onderwys soos in die R.S.A. bekend, word nie in skole vir swaksiendes in Nederland aangebied nie.

Vir akademiese onderwys (ook genoem humaniora) gaan swak-siende leerlinge na die gewone HAVO-skole.

- iv. Vanaf die 4de jaar van die MAVO kan meer begaafde swak-siende leerlinge na die HAVO oorskakel met die oog op hoër beroepsopleiding daarna.
- v. In die MAVO word 'n meer algemeen-vormende opleiding aangebied met die oog op beroepe op 'n laer niveau. Aan skole soos die Henricus Instituut te Nijmegen is daar egter 'n beroepsafdeling (boekbindery) verbonde.
- vi. Aan die genoemde skool te Nijmegen vind verdere differensiasie op primêre vlak plaas deurdat die leerlinge binne dieselfde klas in prestasiegroepe ingedeel word wat op drie verskillende niveaus werk met 'n verdere toepassing van kruisgroepering. Elke leerling werk teen sy eie tempo en volgens sy vermoë en intelligensie. So sal daar leerlinge in die 4de klas wees wat met Rekenkunde van die 5de klas besig is, terwyl andere op die peil van die 3de klas sal wees.
- vii. Op die MAVO-vlak vind differensiasie hoofsaaklik deur middel van vakgroepering plaas. Aan die einde van die 3de jaar MAVO kies die leerlinge 'n "vakkepakket" van ses vakke waarin hulle die "Staatsexamen" aan die einde van die MAVO aflê. Daar is 9 kombinasies van 6 vakke elk waaruit die leerlinge kan kies en wat ruim voorsiening maak vir persoonlike aanleg en belangstelling. Die vakke wat die leerling kies dui gewoonlik 'n beroepstendens aan. So sal 'n programmeerder byvoorbeeld

Wiskunde kies, 'n toekomstige tolk sal tale kies en met die oog op 'n handelsrigting sal die vak Handel gekies word.

- viii. Op MAVO-vlak kan leerlinge wat met die gewone kurrikulum nie kan vorder nie, na 'n eenvoudiger vorm van vormende onderwys gekanaliseer word, naamlik die I.V.I.O. (Instituut voor Individueel Onderwys). Die opleiding aan die Instituut kan ook beroepskolend wees soos vir 'n kantoorassistent, winkelassistent en so meer.
- ix. Die inhoud van die buitengewone onderwys, dit wil sê die kurrikula van die MAVO-skole vir swaksiendes, verskil nie van die gewone onderwys nie, en die standarde van die onderwys vir swaksiendes word verseker deurdat die sillabusse wat deur die skole opgestel word, aan die inspektoraat vir buitengewone onderwys vir goedkeuring voorgelê word.
- x. Differensiasie op die gebied van sertifikaatuitreiking is minimaal en bestaan daarin dat 'n leerling wat nie die "Staatsexamen" aflê nie, 'n sertifikaat van die skool ontvang wat die vorm van 'n getuigskrif aanneem. Daarin word verklaar dat die leerling 'n sekere tydperk aan die skool deurgebring het. Hierdie dokument word egter nie op nasionale vlak erken nie. Die Staatseksamen word op dieselfde niveau deur alle leerlinge afgelê en die enigste differensiasie op hierdie vlak bestaan daarin dat die vakke van die "vakkepakket" daarin gespesifiseer word.
- xi. Een van die mees betekenisvolle vorme van differensiasie vir die swaksiende lê daarin dat dieselfde werk van die gewone MAVO-skool vir die swaksiendes oor 'n langer termyn versprei word, dit wil sê tempodifferensiasie word toegepas. Dit bied ook die geleentheid om die swaksiendes op meer ekskursies te neem met die oog op kulturele en milieuvorming en geografiese oriëntasie.

7.4.3 België⁴¹

Differensiasie in Belgiese skole vir gesigsgestremdes, wat ook die swaksiendes insluit, word as volg bewerkstellig:

41. Kyk Bylae D, vrae 16, 18, 19, 20 en 22.

- i. Aan die einde van die primêre skool vind daar 'n siftingsproses plaas wat ook as 'n baanverdeling beskou kan word. Met enkele uitsonderinge word daar hoofsaaklik in drie studierigtings gedifferensieer. Hierdie studierigtings is 'n laer sekondêre tegniese afdeling, wat ook Telefonie, Diktafoontik en Korrespondensie insluit, 'n beroepsrigting en 'n handelsrigting. Die beroepsrigting sluit onder meer vakke in soos Huishoudkunde, Gesinsorg en Kinderversorging in die geval van meisies en in die geval van seuns aan die skool te Woluwé sluit dit Vlegwerk en Banketbakkery in. Aan die skool te Spermalie in Brugge word Leerwerk aangebied. Die algemene humanoria (algemene akademiese onderwys) wat so 'n prominente plek in die Suid-Afrikaanse onderwys vir swaksiendes inneem, word nie aan skole vir swaksiendes aangebied nie.
- ii. Betekenisvolle differensiasie geskoei op die lees van tempodifferensiasie, kom in al die Belgiese skole vir swaksiendes voor. Normaalweg duur die laer siklus van die sekondêre onderwys in België drie jaar, maar vir die swaksiende word dieselfde werk oor vier jaar versprei, terwyl die leerlinge dan 'n verdere jaar aan die skool aanbly vir wat bekend staan as 'n "finaliteitsjaar". In die beroepsafdeling bly die leerlinge ná die finaliteitsjaar vir 'n verdere jaar op skool met die oog op spesialisasie, sodat die laer sekondêre onderwys in laasgenoemde geval oor ses jaar versprei word in plaas van drie jaar soos aan die gewone skool. Dit is die Belgiese oplossing vir die probleem dat die swaksiende teen 'n langsame tempo lees, skryf en leer.
- iii. Vir die meer begaafde swaksiende leerlinge bestaan differensiasie op sekondêre skoolvlak daarin dat hulle na die 4de jaar van die laer sekondêre onderwys na die Hoër sekondêre onderwys kan oorskakel, maar vir hierdie doel moet hulle die gewone skool bywoon.
- iv. Amptelik bestaan daar nie differensiasie van die inhoud van die leerprogramme op verskillende niveaus (vlakke) binne dieselfde klasse nie. Dit is wel as 'n interne

reëling by die skool te Woluwé teengekom dat as leerlinge in 'n sekere vak nie kan vorder nie, ontvang hulle vir sommige periodes saam met die beroepsafdeling onderlig. In hierdie geval word daar meer op die praktiese vakke gekonsentreer met die uitsluiting van sekere teoretiese gedeeltes.

- v. Leerlinge wat skolasties nie kan vorder nie, word ook na die beroepsafdelings gekanaliseer en in die geval van totale skolastiese uitval kom die leerlinge uiteindelik in beskutte werksplase te lande.
- vi. Differensiasie op primêre vlak geskied deur die langsame tempo wat daar gevolg word. Daar word meer tyd aan die werk bestee met die gebruikmaking van besondere didaktiese materiaal soos die bandmasjien, handboeke in grootdruk, handlense, en so meer. Dit was ook tydens besoeke aan die skole teengekom dat daar geringe wysigings in die kurrikula en sillabusse van die gewone skole vir die swaksiendes aangebring was. Met die oog op inspeksie moet die skole egter toesien dat die "programme" van hierdie skole nie grootliks afwyk van dié van die gewone skool nie. Differensiasie op primêre vlak lê hoofsaaklik op die gebied van die metodiek en dan in besonder in individuele onderwys.

7.4.4 Wes-Duitsland⁴²

- i. Na die eerste vier skooljare van die primêre skool, die Grundschule, volg daar 'n 5de en 'n 6de skooljaar, 'n observasiefase (Beobachtungstufe) om te bepaal in welke van die volgende gedifferensieerde studierigtings die leerlinge gekanaliseer moet word, te wete die Hauptschule (senior afdeling van die Volksschule), die Realschule, die Gymnasium, en so meer.
- ii. Die onderwys van swaksiendes in Wes-Duitsland is hoofsaaklik van 'n algemeen-vormende aard; nie suiwer akademies en nie suiwer beroepskundig nie. Aan die Schule Borgweg in Hamburg kan leerlinge egter na die observasie=

42. Kyk Bylae E, vrae 16, 18, 19 en 22.

fase, dit wil sê op ± 12-jarige ouderdom, voortgaan in die Hauptschule-afdeling wat na die 9de skooljaar ten einde loop en as voorbereiding dien vir direkte beroepsplasing of vir verdere beroepsopleiding op 'n laer vlak.

Die meer begaafde leerling kan die Realschule-afdeling aan die skool bywoon, wat na die 10de jaar met die Mittlere Reife afgesluit word en dan hierna oorskakel na die handelsafdeling van die skool, of hulle kan na die Mittlere Reife na 'n gewone Gymnasium (akademiese skool) gaan vir verdere opleiding met die oog op universiteits-toelating.

Differensiasie op sekondêre vlak geskied in Wes-Duitsland hoofsaaklik deur die aanbieding van verskillende studierigtings wat aan verskillende skole aangebied word.

Behalwe aan die genoemde skool te Hamburg, wat 'n Realschule-afdeling en 'n Handelschule-afdeling het, moet die swaksiende leerlinge vir voortgesette onderwys na die voltooiing van die Volksschule (9 jaar onderwys) die gewone skole bywoon.

- iii. Aan die Länderschule für Sehbehinderte in Duisburg vind daar tempodifferensiasie plaas deurdat die gewone 9 jaar skoolplig oor 10 jaar versprei word, terwyl die aanbieding vir sommige vakke op verskillende vlakke geskied. Daar bestaan A-, B- en C-groepe in dieselfde standerd vir die vakke Engels en Wiskunde, met kruisgroepering.
- iv. In die bogenoemde skool word daarop aanspraak gemaak dat die onderrig meer intensief is as aan die gewone skool. Daar vind geen eliminasië van gedeeltes van die werk plaas nie. Die leerlinge het 'n groter aantal lesperiodes as aan die gewone skool, terwyl die vak Engels wat aan die gewone Grundschule na die 4de jaar aangebied word, reeds vanaf die 3de jaar aan die swaksiendes aan hierdie skool aangebied word. Daar is dus duidelik sprake van 'n verryking van die skoolprogram vir swaksiendes aan hierdie skool.
- v. Differensiasie met die oog op die leerling se besondere aanleg, intelligensie, tempo van werk, prestasie en so

meer, word nog hoofsaaklik en in die laaste instansie bewerkstellig deur individuele onderrig van die leerlinge deurdat die klasseklein is. In uitsonderlike gevalle word selfs spesiale onderwysprogramme vir individuele leerlinge opgestel.

- vi. In wese is daar geen verskil tussen die sillabusse van die gewone skool en die skool vir swaksienendes nie. Differensiasie met betrekking tot aangeleenthede soos die inhoud en omvang van sillabusse, eliminerings en so meer, word in 'n groot mate aan die diskresie van die individuele vakonderwysers oorgelaat. In hoofsaak be= rus differensiasie in die Wes-Duitse skool vir swaksien= des op die metode van aanbieding, te wete tempodifferen= siasie, die gebruikmaking van spesiale onderwys hulpmiddels en individuele onderrig.

7.4.5 Oostenryk (Weenen)⁴³

- i. Aan die Volkshule und Hauptschule für Sehbehinderte Kinder in Weenen, word daar na die 4de jaar van die primêre onderwys baie duidelik in twee bane of strome in die daaropvolgende deurlopende Hauptschule gedifferensieer, te wete in 'n Zug I (1ste baan) vir die meer intelligente leerlinge en in 'n Zug II (2de baan) vir die minder intelligente leerlinge.
- ii. Verdere differensiasie na voltooiing van die Hauptschule geskied deur leerlinge in die gewone Realschule, Berufsschule of Gymnasium te integreer.
- iii. Die onderwys aan die genoemde Hauptschule is in albei die bane Zug I en Zug II verder ongedifferensieerd, in die sin dat die onderwys van 'n algemeen vormende aard is. Geen tegniese, handels- of beroepsonderwys word hier verskaf nie. Vir laasgenoemde doel moet swaksienende leerlinge na voltooiing van die Hauptschule (na 8 jaar) die gewone skole vir beroepsopleiding, tegniese opleiding en handelsopleiding bywoon.
- iv. Kruisgroepering tussen die twee bane vind net in uitsonderlike gevalle plaas soos in die geval van immigrante= kinders wat intelligent is, maar moeilikheid met Duits

43. Kyk Bylae E. Die heer Ludwig Tinkel, direkteur van die skool antwoord op vrae 16, 18, 19 en 22.

ondervind.

Die feit dat daar nie meer van kruisgroepering tussen die twee bane gebruik gemaak word nie, herinner aan die starre baanverdeling soos in die sekondêre onderwys in Transvaal.

- v. Differentiasie word wel bewerkstellig deur groeponderrig. Daar vind interklasgroepering plaas en groepe word dan toegelaat om stadiger of vinniger teen hulle eie, besondere tempo te vorder. Begaaftede groepe of individuele leerlinge sal toegelaat word om met die volgende klas se werk aan te gaan of om meer gevorderde of uitgebreide werk te doen. Hier is dus sprake van verryking van die leerplan en tempodifferentiasie. In die praktyk kom dit ook daarop neer dat die werk op verskillende vlakke aangebied word.

7.5 BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS

Uit die oorsig van die verskillende pogings wat daar in die R.S.A. en die betrokke oorsese lande aangewend word om differentiasie in die onderwys van swaksiendes te implementeer, is daar sekere aspekte wat voorop staan, te wete:

- i. In die R.S.A. bestaan daar weinig differentiasie op sekondêre vlak in die onderwys van swaksiendes wat vir die leerlinge se aanleg, vermoëns en belangstelling voorsiening maak. Die ernstigste leemte op die gebied is dat die onderwys vir swaksiendes in die R.S.A. tradisioneel op akademiese lees geskoei is, met 'n beperkte keuse van vakke vir die leerlinge.
- ii. Die jongste tendens in die onderwys van swaksiendes in die R.S.A. is om geleidelik meer volwaardige differentiasie op sekondêre vlak daar te stel, gebaseer op verskillende studierigtings, te wete Algemeen-akademiese (Natuurwetenskaplik en Geesteswetenskaplik), Tegniese en Handelsrigtings.
- iii. Differentiasie in beroepsgerigte kursusse vir swaksiende leerlinge bestaan in die R.S.A. nog slegs vir die leerlinge wat skolasties nie kan vorder nie en wel in die sogenaamde vakafdeling aan die Worcesterse Skool vir

Blindes. Vir die normaalbegaafde leerlinge is die moontlikheid tot gedifferensieerde studiekursusse uitgesluit. In die jongste beplanning aan die Prinshofskool word daar fasiliteite vir tegniese opleiding vir seuns in vooruitsig gestel. Hierdie verdienstelike gedagte sal waarskynlik in die nabye toekoms 'n praktiese werklikheid word.

- iv. Met weinige uitsonderings maak die oorsese skole vir swaksiendes nie voorsiening vir suiwer akademiese onderwys op hoër vlak nie, maar wel vir sekondêre onderwys op 'n laer vlak, wat as 'n aanloop tot hoër sekondêre onderwys dien, wat die swaksiende alleen aan die gewone skool kan volg.
- v. In België is die laer sekondêre onderwys vir swaksiendes grootliks beroepsgeoriënteerd en word wesenlike en betekensvolle tempodifferensiasie toegepas deurdat die kurrikula oor 'n langer periode vir die swaksiende versprei word. Langs hierdie weg word daar in België geslaag om die probleme van werkstempo, taalvermoë en individuele verskille ten opsigte van gesigskondisies grootliks te oorbrug.
- vi. Die probleem om gedifferensieerde onderwysgeleenthede vir die swaksiende as potensiële universiteitstudent daar te stel, bestaan in die oorsese lande in wese nie. Slegs die hoogs-begaafde swaksiende sal aan die universiteit te lande kom en dan langs die weg van die gewone skool soos die Grammar School in Engeland, die HAVO in Nederland (Lyceum en Atheneum), die Hoër Sekondêre Onderwysniveau in België en die Gymnasium in West-Duitsland. In die R.S.A. daarenteen maak die skool vir swaksiendes hoofsaaklik voorsiening vir akademiese onderwys met die oog op universiteitstoelating.
- vii. Ook beroepsonderwys en tegniese onderwys vir die swaksiende word op die laer vlak in die oorsese skole aangebied. Vir volwaardige beroepsonderwys op hoër vlak, in besonder vir die meer intelligente swaksiende, moet die gewone beroepskole en tegniese skole bygewoon word.

Dit geskied soms wel soos aan die Prins Alexander Stichting en die Bartimeüs Stichting in Nederland dat swaksiendes vanuit die skool vir swaksiendes onder "begeleiding", dit wil sê met hulp van die skool vir swaksiendes, naburige tegniese skole bywoon.

- viii. Die opvoedkundige waarde van die aanbieding van vakke op verskillende vlakke met kruisgroepering ooreenkomstig die leerlinge se vermoëns en prestasies in die vakke, word allerweë besef en in verskillende skole in Europa in meerdere of mindere mate toegepas, soos aan die Exhall Grange School in Engeland, die Instituut Henricus in Nederland en die Wes-Duitse skole vir swaksiendes.
- ix. Dit het opgeval dat pedagoë in Engeland dit besonder eens is dat daar in die onderwys van swaksiendes gewaak moet word teen té vroeë spesialisasie, terwyl die swaksiende leerling in België en Nederland reeds op 12-jarige leeftyd duidelik gedifferensieerde studierigtings volg; in die geval van België selfs sterk beroepsgeoriënteerd.
- x. Wanneer daar oor differensiasie in die onderwys van swaksiendes besin word, dan word dit duidelik dat die onderwysprobleme daaromheen van 'n universele aard is. As daar egter op die verskillende onderwyspraktyke in die verskillende lande gelet word, dan word dit besef dat die situasie in die oorsese lande heel verskillend is van dié in die R.S.A.
- Die verskille tussen die onderwys van swaksiendes in die R.S.A. en oorsese lande, veral Europa, spruit hoofsaaklik uit die hoër bevolkingsdigtheid en die gevolglike groot afsetgebiede en beroepsmoontlikhede vir laer- en middelvlakmannekrag. In die R.S.A. val hierdie laervlakmannekragaanvraag op 'n beroepsniveau waar die besoldiging van so 'n aard is dat die swaksiende blanke nie 'n selfstandige bestaan en behoorlike lewenspeil daarop kan handhaaf nie.
- Die invloed van die groot bevolkingsgetalle wat etnies relatief homogeen is en die diverse arbeidsgeleenthede wat in gevorderde nywerheidslande bestaan, het 'n

bepaalde invloed op die skoolwese, in besonder op die onderwys van swaksiendes.

In sulke lande bestaan daar nie so 'n groot behoefte aan gedifferensieerde onderwys met die oog op gedifferensieerde beroepsplasing nie. Die swaksiende ontvang 'n laer sekondêre algemene of beroepsonderwys wat voldoende is om hom inisieel in 'n beroep geplaas te kry. Verdere opleiding hang van sy eie algemene vermoë en deursettingsvermoë af en geskied aan gewone skole en opleidingsentra.

- xi. Gedifferensieerde tegniese opleiding in byvoorbeeld 'n handvaardigheidsrigting en masjienoperateurswerk, soos in die R.S.A. bekend, is aan geen skool vir swaksiendes in Europa aangetref nie, behalwe in gevalle waar swaksiende seuns 'n naburige gewone tegniese skool onder begeleiding besoek het.
- xii. 'n Faktor wat in alle lande die daarstelling van gedifferensieerde onderwysgeleenthede vir swaksiendes bemoeilik, is die relatiewe lae voorkomssyfer van swaksiendheid. Om vir so 'n betreklike klein groepie van die skoolbevolking (3-4 leerlinge per 10 000 leerlinge) duur en gespesialiseerde onderwysgeriewe, veral gedifferensieerde beroepsopleidingsgeriewe, te skep, val finansieel buite die vermoëns van liggame wat hierdie kategorie van die onderwys finansier.

7.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar gelet op die diverse pogings wat in die R.S.A. en ook oorsese lande aangewend word om gedifferensieerde onderwysgeleenthede aan die swaksiende kind beskikbaar te stel.

In die R.S.A. word daar verskeie metodes toegepas om differensiasie te bewerkstellig en te kompenseer vir die eensydige algemene akademiese opleiding wat swaksiendes tradisioneel in Suid-Afrika ontvang.

Op akademiese vlak word daar verskeie pogings aangewend om te differensieer deur aangepaste sillabusse, groepering en

in besonder die aanbiedingswyse van die leerinhoude. Daar bestaan ook in 'n mindere mate gedifferensieerde eksaminering, bevordering en sertifikaatuitreiking.

Leerlinge wat skolasties geheel uitval word na hulp=klasse gekanaliseer, waar hulle onderrig in elementêre Afri=kaans, Engels en Rekenkundige bewerkinge ontvang. Leerlinge wat hulle optimum in die gewone skoolprogram bereik het, en nog skoolpligtig is, word in die geval van die Worcesterse Skool vir Blindes na die vakafdeling gekanaliseer waar hulle beroepsopleiding op laer vlak ontvang.

Daar is vervolgens ook 'n uiteensetting gegee van die toekomstige beplanning vir meer gedifferensieerde tegniese onderwys aan die Prinshofskool vir Swaksiendes en 'n uitbrei=ding van die huidige praktiese handwerkkrigtings.

Die faktore wat differensiasie vir swaksiendes in die R.S.A. bemoeilik soos onder meer die geografiese en demogra=fiese aspekte, werkstempo van swaksiendes, hulle taalagterstand, die wye spektrum van oogkondisies en so meer, is toegelig.

Ten einde moontlike oplossings vir die probleme wat met gedifferensieerde onderwys van swaksiendes saamhang, te vind, is daar ook op die oorsese onderwyspraktyke in die verband gelet. Daar is in die besonder ag geslaan op wyses waarop gedifferensieerde beroepsgerigte onderwys vir swaksien=des bewerkstellig word.

In 'n slotparagraaf is die mees betekenisvolle bevindinge uit die hoofstuk krities saamgevat.